# Poppekas: Sondag 10 September 2023
# Tema: Filippense 4:4 sê verbly jou in die Heer

Stoffel en Boetie Baba op

Stoffel: More Maats!! ….[geirreteerd] Ek hoop dit gaan beter met julle as met Boetie Baba! Hy is al huilerig die hele oggend!! Wat is dit tog nou alweer ?

BB: [Huilerig en snikkend] Hallo Maats…….Ag Stoffel, dis omdat jy al die hele oggend lelik is met my. Wahhhhhhhh…..

Stoffel: Ek ? Lelik met jou?......Nee,man jy maak nou alweer net stories op!

BB: Issssss!!! Jy't my 'dummy' weggesteek, my speelgoed gevat en my Purity geeet!!

Stoffel: Ag man, ek wou maar net n bietjie speel, maar lyk my nie jy wil saam speel nie!

BB: Weet jy, mamma se altyd ek moet my nie so steur aan jou nie dan sal ek eintlik n baie gelukkiger baba wees!!!

Wysmuis op

Wysmuis: Oeeeee!!!! More , More Stoffel en Boetie Baba en al die maatjies natuurlik !!!! Hoe gaan dit met julle almal , vandag ?

Stoffel: O ja!!! Met my gaan dit sommer SUUUPER DUPER GOED !!!!

BB : O, Hallo Wysmuis! Met my gaan dit sommer baie goed ….ek moet my net nie aan Stoffel steur nie!

Stoffel: [Sug]

Wysmuis: Weet julle, vanoggend gesels ons in die GAAN GROOT reeks oor Groot Vreugde. Vreugde is om gelukkig te wees. In Engels praat ons van HAPPINESS! Wat maak julle gelukkig?

Stoffel: (Opgewonde) Ek weet, Ek Weet! Ek raak BAIE gelukkig as die Springbok rugby span wen! En vanaand is mos sulke tyd!!! (Begin spontaan sing) Hier kom die Bokke, Hier kom die Bokke, Hoeka tjakka!

Wysmuis Dit is mooi. Sport en om te wen maak ons gelukkig, Maar wat maak ons nog gelukkig?

BB: uhhhhhm, Ek dink om te eet.. ja,om lekker kossies te eet maak my gelukkig!

Stoffel: Jy is heeltemal reg Boetie Baba. Dis vir my baie lekker om te eet…hamburgers, slaptjips en roomys natuurlik !!!

Wysmuis Weet julle twee wat maak my baie gelukkig. Ek is baie gelukkig wanneer ek kan sing.

Stoffel (Verbaas) OM te sing?

BB : Huhhhh ???

Wysmuis Ja, soos om liedjies te sing!

Stoffel: Wysmuis!!!!! Dit herinner my, ek het net nou die dag gehoor hoe oom Kurt Darren 'n liedjie oor jou sing…..

Wysmuis Regtig, 'n liedjie oor my?

Stoffel: Ja, en dit het so gegaan: "Meisie Meisie jy's deel van my lewe, mooiste Wys Meisie van verlangebaan"

Wysmuis (Skaam) Ohhhh nee nee Stoffel, daardie liedjie gaan nie oor my nie

BB: Wysmuis, ek ken ook 'n liedjie wat oor jou gaan. Hy klink so: "Ek's 'n Dapper wysMuis, kyk hoe stap ek deur die huis en daar's niks waarvoor ek skrik nie. Vir niemand is ek bang, daar is niks wat my kan vang."

Wysmuis Ohhhh neee julle twee , daardie 2 liedjies is van my gunsteling liedjies , maar hulle gaan nie eintlik oor my nie...

Wysmuis Daar is wel n liedjie wat ek vir julle en die maats vandag wil leer, wat ons altyd by die kerk gesing het toe ek nog 'n baie klein muisie was.

Stoffel en BB: Ja, Ja leer vir die liedjie asseblieffffff !!!!

Wysmuis Nou goed, dit gaan so: *Filippense 4 vers 4 sê verbly jou in die Heer, Filippense 4 vers 4 se verbly jou in die Heer, Verbly jou, Verbly jou, Verbly jou in die Heer. Verbly jou, verbly jou, verbly jou in die Heer.*

Stoffel Wysmuis, kan ek, Boetie Baba en die maats, saam sing?

Wysmuis Ja, definitief Stoffel. Kom ons almal sing saam

Stoffel/Boetie Baba/Wymuis

*Filippense 4 vers 4 sê verbly jou in die Heer, Verbly jou, Verbly jou, Verbly jou in die Heer. Verbly jou, verbly jou, verbly jou in die Heer.!*

Wysmuis oohh maats dit was nou baie mooi. Die liedjie gaan vêrder en dan sal jy ook sing : Filippense 4 vers 5 sê die Here is naby. En dit is baie belangrik dat ons weet, ons is baie gelukkig want God is baie naby aan ons elkeen. Hy het ons elkeen baie lief en dit maak ons Baie Bly !!!

BoetieBaba: Ek kan nou nie wag om hierdie liedjie vir mamma by die huis te gaan sing nie

Stoffel Ek gaan die liedjie nou ook vir altyd onthou

Wysmuis Ek is bly, dan gaan ons julle maats nou eers groet. Ek hoop julle het 'n baie mooi dag.

(Groet)

Geskryf deur Toit Wessels en Petru Vlok